UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CLXXX.] PRICE 6d. PRETORIA, 20 MAY 20 MEI 1955. PRYS 6d. [No. 5480.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✱ gemerk.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 1058.] [20 May 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

FURNITURE INDUSTRY, NATAL.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Furniture Industry, shall be binding from the 24th May, 1955, and for the period ending 23rd May, 1956, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 3 to 23 (inclusive), 26 to 29 (inclusive) and 31 to 37 (inclusive) of Part I and all the provisions contained in Part II of the said Agreement shall be binding from the 24th May, 1955, and for the period ending 23rd May, 1956, upon the other employers and employees engaged or employed in the said Industry in the Province of Natal and the Magisterial Districts of Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu and Umzimkulu; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty eight* of the said Act, declare that in the Province of Natal and the Magisterial Districts of Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu, Umzimkulu, and from the 24th May, 1955, and for the period ending 23rd May, 1956, the provisions contained in clauses 3 to 21 (inclusive)) 23, 26 to 29 (inclusive) and 31 to 37 (inclusive) of Part I and all the provisions contained in Part II of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons employed in the said Industry as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 1058.] [20 Mei 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

MEUBELNYWERHEID, NATAL.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-Versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae verskyn en betrekking het op die Meubelnywerheid, vanaf 24 Mei 1955 en vir die tydperk wat op 23 Mei 1956 eindig, bindend is vir die werkgewers organisasie en vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasie of daardie vereniging;

(*b*) Kragtens subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousules 3 tot en met 23, 26 tot en met 29 en 31 tot en met 37 van Deel I en al die bepalings vervat in Deel II van genoemde Ooreenkoms vanaf 24 Mei 1955 en vir die tydperk wat op 23 Mei 1956 eindig, bindend is vir die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde Nywerheid in die Provinsie Natal en die magistraatsdistrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu en Umzimkulu; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousules 3 tot en met 21, 23, 26 tot en met 29 en 31 tot en met 37 van Deel I en al die bepalings vervat in Deel II van genoemde Ooreenkoms vanaf 24 Mei 1955 en vir die tydperk wat op 23 Mei 1956 eindig, in die Provinsie Natal en die magistraatsdistrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu en Umzimkulu *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone in diens in genoemde Nywerheid wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van die genoemde Wet, ingesluit is nie.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, NATAL.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into by and between the

Natal Furniture Manufacturers Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), on the one part, and the

Furniture Workers' Industrial Union (Natal)

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union)", of the other part

being the parties to the Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry, Natal.

PART I.

Provisions applicable to the Industry throughout the areas covered by the Agreement unless the contrary is stated.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed by members of the employers' organisation and trade union engaged in the Furniture Industry within the Province of Natal and the Magisterial Districts of Bisana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu and Umsimkulu.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on a date to be fixed by the Minister of Labour in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Act, and shall continue in force for a period of one year or such period as may be determined by him

3. DEFINITIONS.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1937, shall have the same meaning on that Act, any reference to an Act shall include any amendments to such Act, and unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall also include females and vice versa.

(*a*) Unless inconsistent with the context, the following definitions shall apply to Parts I and II inclusive, in this Agreement:—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1937, as amended;

"apprentice" means an employee serving under a written contract of apprenticeship registered or deemed to be registered under the provisions of the Apprenticeship Act, 1944;

"Area A" means the area within a 20 mile radius of the General Post Office, Durban, and the area within a 20 mile radium of the General Post Office, Pietermaritzburg;

"Area B" means the Province of Natal and the Magisterial Districts of Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu and Umsimkulu, but excluding the area within a 20 mile radius of the General Post Office, Durban, and the area within a 20 mile radius of the General Post Office, Pietermaritzburg;

"Council" means the Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry, Natal, registered in terms of section *nineteen* of the Act;

"employment" means the total length of all periods of an employee's service in the Furniture Industry;

"establishment" means any place where the Furniture Industry is carried on and includes any place where a person is employed in all or any of the classes of work specified in Part II of this Agreement;

"Furniture Industry" or "Industry" means—without in any way limiting the ordinary meaning of the expression—the manufacture either in whole or part of all types of furniture irrespective of the materials used, and shall include, *inter alia*, the following operations:—

Repairing, upholstering, re-upholstering, staining, spraying or polishing and/or repolishing, making of loose covers and/or cushions and/or curtains and/or the making and/or repairing of box-spring mattresses and/or frames for upholstering, wood-machining, vaneering, wood-turning, carving in connection with the manufacture and/or repair of furniture, polishing and/or repolishing of pianos or the manufacture and/or staining, spraying and polishing and/or repolishing of tea-rooms, office, church, school, bar or theatre furniture, and cabinets for musical instruments and radio or wireless cabinets and shall include the manufacture or process in the manufacture of bedding, the definition and interpretation of which shall include all manner or types of mattresses, spring-mattresses, overlays, pillows, bolsters and cushions, and includes the activities carried on in any premises where wood-machining, wood-turning and/or carving in connection with the production of furniture is carried on: and includes further, the repairing, re-upholstering or repolishing of furniture in or in connection with establishments in which the production of furniture or any operation associated with the final preparation of any article of furniture for sale, either in whole or in

BYLAE.

NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MEUBELNYWERHEID, NATAL.

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gesluit en aangegaan tussen die

Natal Furniture Manufacturers Association

(hieronder die „werkgewers" of die „werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant en die

Furniture Workers' Industrial Union (Natal)

(hieronder die „werknemers" of die „vakverenigings" genoem), aan die ander kant

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid, Natal

DEEL I.

Bepalings van toepassing op die nywerheid dwarsdeur die gebiede deur die Ooreenkoms gedek, tensy die teenoorgestelde vermeld word.

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet nagekom word deur lede van die werkgewersorganisasie en die vakvereniging in die meubelnywerheid in die Provinsie Natal en die magistraatsdistrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu en Umzimkulu.

2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat deur die Minister van Arbeid kragtens subartikel (1) van artikel *agten-veertig* van die Wet vasgestel moet word en moet van krag bly vir 'n tydperk van een jaar of vir sodanige tydperk as wat deur hom bepaal kan word.

3. WOORDOMSKRYWINGS.

Enige uitdrukkings in hierdie Ooreenkoms gebesig wat in die Nywerheidversoeningswet, 1937, omskryf is, moet dieselfde betekenis as in daardie Wet hê, enige verwysing na 'n wet moet enige wysigings van sodanige wet insluit, en tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, moet woorde wat die manlike geslag aandui ook vrouens omvat en omgekeerd.

(*a*) Tensy dit strydig is met die samehang moet die volgende woordomskrywings van toepassing wees op dele I tot en met II in hierdie Ooreenkoms:—

„Wet", die Nywerheid-versoeningswet, 1937, soos gewysig;

„vakleerling", 'n werknemer in diens kragtens 'n skriftelike vakleerlingskapkontrak wat geregistreer is kragtens die bepalings van die Wet op Vakleerlinge, 1944, of wat beskou word dat dit daarkragtens geregistreer is;

„gebied A", die gebied binne 'n straal van 20 myl van die hoofposkantoor, Durban, en die gebied binne 'n straal van 20 myl van die hoofposkantoor, Pietermaritzburg;

„gebied B", die provinsie Natal, en die magistraatsdistrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu en Umzimkulu, maar met uitsluiting van die gebied binne 'n straal van 20 myl van die hoofposkantoor, Durban, en die gebied binne 'n straal van 20 myl van die hoofposkantoor, Pietermaritzburg;

„Raad", die Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid, Natal, geregistreer ingevolge artikel *negentien* van die Wet;

„diens", die totale duur van alle tydperke van 'n werknemer se diens in die meubelnywerheid;

„inrigting", enige plek waar die meubelnywerheid beoefen word en omvat enige plek waar 'n persoon in diens is in almal of enige van die klasse werk gespesifiseer in deel II van hierdie Ooreenkoms;

„Meubelnywerheid", of „Nywerheid" sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking op enige wyse te beperk, die vervaardiging hetsy in die geheel of gedeeltelik van alle soorte meubels ongeag die materiaal gebruik, en moet onder andere die volgende werksaamhede omvat:—

Heelmaak, stoffeer, herstoffeer, beits, sproei of poleer en/of herpoleer, maak van los oortreksels en/of kussings en/of gordyne en/of die maak en/of herstel van veermatrasse en/of rame vir stoffeerwerk, masjienhoutwerk, fineerwerk, houtdraaiwerk, houtsneewerk in verband met die vervaardiging en/of herstel van meubels, poleer en/of herpoleer van klaviere of die vervaardiging en/of beits, spuit en poleer en/of herpoleer van meubels vir teekamers, kantore, kerke, skole, kroeë of teaters en kabinette vir musiekinstrumente en radio- of draadloostoestelle en sluit in die vervaardiging of prosesse vir die vervaardiging van beddegoed wat omskryf en vertolk moet word as insluitende alle soorte matrasse, veermatrasse, oortreksels, kussings, peule en stoelkussings en omvat die bedrywighede op alle persele waar masjienhoutwerk, houtdraai- en/of houtsneewerk in verband met die vervaardiging van meubels gedoen word; en omvat verder die heelmaak, herstoffeer of herpoleer van meubels in of in verband met inrigtings waar die vervaardiging van meubels of enige werk in verband met die finale voorbereiding van alle artikels vir verkoop, deels of geheel, gedoen word en die fineer van deure

part is carried on, and the veneering of laminated block-board or plywood doors used for furniture, and all parts of materials used in the construction of furniture, but excludes the manufacture of articles made principally of wicker, grass and/or cane, and the manufacture of metal furniture including the manufacture of metal bedsteads;

"hourly rate" means the weekly rate of the employee concerned as prescribed in this Agreement divided by 44;

"piece-work" means any system according to which payments is based on quantity or output of work done;

"remuneration" means any payment in money made or owing to any person which arises in any manner whatsoever out of employment;

"working proprietor" or "working partner" means a person who is personally engaged in doing any of the work specified in Part II of this Agreement in his own establishment;

"short-time" means a reduction in the number of ordinary working hours in an establishment due to slackness of trade, shortage of raw materials or a general breakdown of plant or machinery caused by accident or other unforeseen emergency.

(*b*) Unless inconsistent with the context the following definitions all apply to Part II of this Agreement:—

"learner" means an employee, other than an apprentice, labourer, learner-packer, or probationer, who at the time of his engagement is or was a minor and who is employed in learning any class of work specified on his learnership certificate;

"learner packer" means a packer who has had less than two years' experience of packing furniture in the Furniture Industry and who works under the supervision of a packer;

"machine maintenance mechanic" means an employee who is solely employed in all or any of the following operations:—

Tracing faults in, overhauling, or repairing machinery used in or in connection with an establishment or in supervising all or any of these operations;

"probationer" means an employee under twenty-one years of age employed in a trade designated under the Apprenticeship Act, 1944, but does not include an apprentice or a labourer;

"juvenile" means an employee under the age of 21 years, excluding apprentices and labourers.

4 PIECE-WORK.

No employer shall require or allow any person to work piece-work or any other system by which earnings are based on quantity of work done, except as provided in clause 5 of this part of the Agreement.

5. INCENTIVE BONUS.

(1) Subject to the condition that no employee may be paid less than the amount he would be entitled to in terms of Part II of this Agreement, an employer may base an employee's remuneration on the quantity or output of work done; provided that no such system of remuneration shall be permissible except in the form of an incentive scheme, the terms of which have been agreed upon as set out in sub-clauses (2) and (3) of this clause.

(2) Any employer who wishes to introduce an incentive scheme shall set up a joint committee of representatives of the management and the employees, which after consultation with the trade union whose members are involved, may agree upon the terms of any such scheme.

(3) The terms of any such incentive scheme and any subsequent alteration thereto which may have been agreed upon by the committee shall be reduced to writing and be signed by the members of the committee, and shall not be varied by the committee or terminated by either party unless the party wishing to vary or terminate the Agreement has, in writing, given the other party such notice as may be agreed upon by the parties when entering into such an Agreement.

(4) Any employee employed on an incentive bonus scheme for any period shall be paid the full amount earned by him under the incentive bonus rates agreed upon in terms of this clause provided that, irrespective of the amount of incentive bonus work performed, such employee, if his productivity has reached the standard laid down for the particular operation by the committee, shall in respect of such period be paid not less than the remuneration which would have been payable, had he been employed as a time worker during such period, plus 15 per cent.

6. OUTWORK.

(1) No employer shall require or allow any of his employees to undertake work in connection with the Furniture Industry elsewhere than in his establishment except when such work is in completion of an order placed with such employer and consists of fitting, assembling, repairing or polishing furniture in premises owned or occupied by the person for whom the work is undertaken.

(2) No employee engaged in the Furniture Industry shall solicit or take orders for, or undertake any work in connection with the Furniture Industry on his own account, for sale or on behalf of any other person for reward or firm whether for remuneration or not, whilst in the employ of an employer in such industry.

gemaak van lamelblokbord of laaghout wat vir meubels gebruik word, en alle dele van materiaal wat vir die maak van meubels gebruik word; maar met uitsondering van die vervaardiging van artikels wat hoofsaaklik van biesies, gras en/of rottang gemaak is, en die vervaardiging van metaal-meubels insluitende die vervaardiging van metaalkatels;

„uurskaal", die weeklikse skaal van die betrokke werknemers soos voorgeskryf in hierdie Ooreenkoms gedeel deur 44;

„stukwerk", enige stelsel waarvolgens besoldiging gebaseer word op hoeveelheid of opbrengs van gedane werk;

„besoldiging", enige betaling in geld gemaak of verskuldig aan enige persoon wat op enige wyse ook al uit diens voortspruit;

„werkende eienaar", of „werkende vennoot", 'n persoon wat persoonlik enige van die werksaamhede gespesifiseer in deel II van hierdie Ooreenkoms in sy eie inrigting verrig;

„korttyd", 'n vermindering van die aantal gewone werkure in 'n inrigting toe te skryf aan handelslapte, tekort aan grondstowwe of 'n algemene onklaarraking van installasie of masjinerie veroorsaak deur ongeluk of ander onvoorsiene noodgeval.

(*b*) Tensy dit strydig met die samehang is, moet die volgende woordomskrywings van toepassing wees op deel II van hierdie Ooreenkoms:—

„Leerling", 'n werknemer, uitgesonderd 'n vakleerling, arbeider, leerling-verpakker, of proefleerling, wat ten tyde van sy indiensneming 'n minderjarige is of was wat in diens is om enige klas werk te leer wat in sy leerlingsertifikaat gespesifiseer is;

„leerling-verpakker" 'n verpakker, wat minder as twee jaar ondervinding gehad het van meubels in die Meubelnywerheid verpak en wat onder toesig van 'n verpakker werk;

„masjien-onderhoudwerktuigkundige", 'n werknemer wat uitsluitlik in diens is op enige of almal van die volgende werksaamhede:—

Foute in masjinerie op te spoor, masjinerie na te sien of heel te maak wat in of in verband met 'n inrigting gebruik word of om toesig te hou oor almal of enige van hierdie werksaamhede;

„proefleerling", 'n werknemer onder 21 jaar oud in diens in 'n bedryf aangewys kragtens die Wet op Vakleerlinge, 1944, maar omvat nie 'n vakleerling of 'n arbeider nie;

„jeugdige", 'n werknemer onder 21 jaar oud, uitgesonderd vakleerlinge en arbeiders.

4. STUKWERK.

Geen werkgewer moet van enige persoon vereis of hom toelaat om stukwerk of enige ander stelsel waarby verdienste gebaseer word op hoeveelheid werk verrig, te doen nie, uitgesonderd soos bepaal in klousule 5 van hierdie Ooreenkoms.

5. AANSPORINGSBONUS.

(1) Onderworpe aan die voorwaarde dat geen werknemer minder betaal mag word as die bedrag waarop hy ooreenkomstig deel II van hierdie Ooreenkoms geregtig sou wees nie, mag 'n werkgewer 'n werknemer se besoldiging baseer op die hoeveelheid of opbrengs van gedane werk; met dien verstande dat geen sodanige stelsel van besoldiging toelaatbaar moet wees nie uitgesonderd in die vorm van 'n aansporingskema waarvan die bepalings vasgestel is soos uiteengesit in subklousules (2) en (3) van hierdie klousule.

(2) Enige werkgewer wat 'n aansporingskema wil invoer moet 'n gesamentlike komitee van verteenwoordigers van die bestuur en die werknemers instel wat, na raadpleging met die vakvereniging wie se lede daarby betrokke is, oor die bepalings van enige sodanige skema kan ooreenkom.

(3) Die bepalings van sodanige aansporingskema en enige daaropvolgende verandering daarvan waarop die komitee ooreengekom kan hê, moet op skrif gestel en deur die lede van die komitee onderteken word en moet nie deur die komitee gewysig of deur enigeen van die partye beëindig word nie tensy die party wat verlang om die ooreenkoms te wysig of te beëindig die ander party skriftelik kennis gegee het soos deur die partye ooreengekom kan word wanneer hulle sodanige ooreenkoms aangaan.

(4) Enige werknemer in diens op 'n aansporingsbonusskema vir enige tydperk moet die volle bedrag betaal word wat deur hom kragtens aansporingsbonusskale verdien is waarvoor kragtens hierdie klousule ooreengekom is; met dien verstande dat, ongeag die hoeveelheid aansporingsbonuswerk gedoen, sodanige werknemer, as sy produktiwiteit die standaard bereik het wat deur die komitee vir die besondere bedrywigheid bepaal is, ten opsigte van sodanige tydperk minstens die besoldiging betaal moet word wat betaalbaar sou gewees het as hy gedurende sodanige tydperk as 'n tydwerker in diens was, plus 15 persent.

6. BUITEWERK.

(1) Geen werkgewer mag van enige van sy werknemers eis of toelaat dat hy in verband met die Meubelnywerheid elders as in sy inrigting werk onderneem nie, uitgesonderd as dié werk die voltooiing is van 'n bestelling wat by die werkgewer geplaas is, en bestaan uit paswerk, inmekaarsit, herstel of poleer van meubels in persele wat behoort aan of geokkupeer word deur die persoon vir wie die werk onderneem word.

(2) Geen werknemer in die Meubelnywerheid in diens, mag, terwyl hy by 'n werkgewer in dié Nywerheid in diens is, vir verkoop op eie rekening of op rekening van enige ander persoon of firma hetsy vir vergoeding of besoldiging of nie, bestellings in verband met die vervaardiging van meubels werf of neem, of werk in verband met die Meubelnywerheid onderneem nie.

(3) No employer and/or employee shall undertake any work in connection with the Furniture Industry in any premises other than premises registered under the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, or work-rooms registered with the Council or district committee and used solely for work in the Furniture Industry, except such out-work as is provided for in sub-clause (1) of this clause.

(4) No employer shall give out any work in connection with the manufacture of furniture, either in whole or in part, irrespective of the materials used, other than in premises subject to registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, or workrooms registered with the Council, and used solely for work in the Furniture Industry except such out work as is provided for in sub-clause (1) of this clause.

7. HOURS OF WORK.

(1) Save as is otherwise provided in this Agreement, no employer shall require or permit an employee, other than one exclusively employed as a commercial traveller, caretaker or watchman, or in the delivery of goods or messages—

(i) to work for more than 44 hours, exclusive meal times, in any one week; or

(ii) to work for more than 8 hours, excluding meal times, on any one day; provided that in any factory in which—

(*a*) on one day in every week the ordinary hours of work are not more than five, an employee may be required or permitted to work for an additional period not exceeding half an hour on each of the remaining days of the week; or

(*b*) the employees do not ordinarily work on more than five days in the week, an employee may on any work day be required or permitted to work for an additional period not exceeding one and a quarter hours; or

(iii) to work for a continuous period of more than five hours without an uninterrupted interval of at least one hour; provided that for the purpose of this paragraph period of work interrupted by an interval of less than one hour shall be deemed to be continuous;

(iv) who is a female to work—

(*a*) between six o'clock p.m. and six o'clock a.m.; or

(*b*) after one o'clock p.m. on more than five days in any week.

(2) Notwithstanding the provisions of paragraphs (i) and (ii) of sub-clause (1) of this clause and save as is provided in clause 9, of Part I, of this Agreement, an employer may require or permit an employee to work overtime for a total period not exceeding in any one week—

(i) ten hours; or

(ii) a number of hours (which may exceed ten) fixed by the Council in notice in writing to the employer, specifying the employee or the class of employee in respect of whom the notice is applicable, and the period for which and the conditions under which it shall be valid;

provided that no employer shall require or permit a female employee to work overtime—

(i) for more than two hours on any day;

(ii) on more than three consecutive days;

(iii) on more than sixty days in any year;

(iv) after completion of her ordinary working hours for more than one hour on any day unless he has—

(*a*) given notice thereof to such employee before midday; or

(*b*) provided such employee with an adequate meal before she has to commence overtime; or

(*c*) paid such employee an allowance of 1s. 6d. in sufficient time to enable the employee to obtain a meal before the overtime is due to commence.

(3) An employee shall be deemed to be working in addition to any period during which he is actually working—

(i) during the whole of any interval in his work if he is not free to leave the premises of his employer for the whole of such interval; or

(ii) during any other period during which he is on the premises of his employer;

provided that if it is proved that any such employee was not working and was free to leave the premises during any portion of any period referred to in paragraph (ii), the presumption provided for in this sub-clause shall not apply in respect of such employee with reference to that portion of such period.

(4) Every employer shall display in his establishment in a place readily accessible to his employees a notice in the form prescribed in Appendix B to this part of the Agreement specifying the starting and finishing time of work for each day of the week and the meal hour.

8. SHORT TIME.

(1) If coming to slackness of trade in any factory, it is found impossible to work full time, short-time shal be worked by distributing the work available amongst the employees effected as far as practicable in any section and should it be found necessary to dismiss any employees for whom wages are

(3) Geen werkgewer en/of werknemer mag enige werk verband met die Meubelnywerheid onderneem op enige a perseel as dié wat ingevolge die Wet of Fabrieke, Masjinerie Bouwerk, 1941, geregistreer is of in werkkamers wat by Raad of distrikskomitee geregistreer en uitsluitlik vir werk die Meubelnywerheid gebruik word, met uitsondering van soda buitewerk as waarvoor in subklousule (1) van hierdie klou voorsiening gemaak word.

(4) Geen werkgewer mag werk in verband met die verv diging van meubels uitgee nie, hetsy in die geheel of gedeelte ongeag die materiale wat gebruik word, uitgesonderd op per onderworpe aan registrasie kragtens die Wet op Fabrieke, Ma nerie en Bouwerk, 1941, of werkkamers by die Raad geregistr en uitsluitlik gebruik in die Meubelnywerheid, uitgesonderd buitewerk waarvoor voorsiening in subklousule (1) van hier klousule gemaak is.

7. WERKURE.

(1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie Ooreenko mag geen werkgewer van 'n werknemer uitgesonderd een uitsluitlik werksaam is as handelsreisiger, opsigter of wag, of die aflewering van goedere of boodskappe, vereis of dit toelaat:

(i) Om in enige enkele week meer as 44 uur, etenstye uitgesl te werk nie; of

(ii) om op enige enkele dag meer as agt uur te werk nie; m dien verstande dat in enige fabriek waarin—

(*a*) die gewone werkure op een dag in elke week hoogste vyf is, van 'n werknemer vereis of hy toegelaat k word om 'n bykomende tydperk van hoogstens half uur op elk van die ander dae van die week werk; of

(*b*) die werknemers nie gewoonlik meer as vyf dae p week werk nie, van 'n werknemer op enige werkd vereis of dit toegelaat kan word dat hy 'n bykomen tydperk van hoogstens een en 'n kwart uur werk;

(iii) om 'n aaneenlopende tydperk van meer as vyf uur werk sonder 'n ononderbroke pouse van minstens e uur; met dien verstande dat vir die toepassing v hierdie paragraaf werktydperke onderbreek deur 'n pou van minder as een uur as aaneenlopend beskou mo word;

(iv) om, ingeval die werknemer 'n vrou is, te werk—

(*a*) tussen sesuur nm. en sesuur vm.; of

(*b*) na eenuur nm. op meer as vyf dae in 'n week.

(2) Ondanks die bepalings van paragrawe (i) en (ii) van sub klousule (1) van hierdie klousule en uitgesonderd soos bepaal i klousule 9 van deel I van hierdie Ooreenkoms, kan 'n werkgewe van 'n werknemer vereis of toelaat dat hy oortyd werk vir totale tydperk wat in enige afsonderlike week onderstaande ni te bowe gaan nie:—

(i) Tien uur; of

(ii) 'n getal ure (wat meer as tien kan wees) vasgestel deu die Raad by skriftelike kennisgewing aan die werkgewer waarin die werknemers of die klas werknemer ten opsigte van wie die kennisgewing van toepassing is en die tydperk waarvoor en die voorwaardes waarop dit geldig is, bepaa word;

met dien verstande dat geen werkgewer van 'n vroulike werknemer mag vereis of mag toelaat dat sy oortyd werk nie—

(i) vir meer as twee uur op enige dag;

(ii) op meer as drie opeenvolgende dae;

(iii) op meer as 60 dae in enige jaar;

(iv) na voltooiing van haar gewone werkure vir meer as een uur op enige dag tensy hy—

(*a*) dié werknemer voor middag daarvan in kennis gestel het; of

(*b*) aan die werknemer voor sy met oortyd moet begin, 'n toereikende ete verskaf het; of

(*c*) aan die werknemer betyds 'n toelae van 1s. 6d. betaal het om die werknemer in staat te stel om 'n ete te verkry voor die oortydwerk moet begin.

(3) Dit word beskou dat 'n werknemer werk bo en behalwe enige tydperk wat hy inderdaad werk—

(i) gedurende enige hele pouse in sy werk as hy nie vry is om die perseel van sy werkgewer vir die hele van sodanige pouse te verlaat nie; of

(ii) gedurende enige ander tydperk wat hy binne die perseel van sy werkgewer is;

met dien verstande dat as bewys word dat as enige sodanige werknemer nie gewerk het nie en vry was om die perseel gedurende enige gedeelte van enige tydperk genoem in paragraaf (ii) te verlaat, die vermoede bepaal in hierdie subartikel nie van toepassing is ten opsigte van dié werknemer betreffende daardie gedeelte van sodanige tydperk nie.

(4) Elke werkgewer moet in sy inrigting in 'n plek wat vir sy werknemers maklik toeganklik is 'n kennisgewing vertoon in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel B van hierdie deel van die Ooreenkoms waarin die begin- en ophoutyd van die werk vir elke dag van die week en die etensuur aangegee word.

8. KORTTYD.

(1) As dit in 'n fabriek as gevolg van handelslapte gevind word dat dit onmoontlik is om voltyds te werk, moet korttyd gewerk word deur die beskikbare werk onder die werknemers wat geraak word, vir sover prakties doenlik in enige afdeling te verdeel, en as dit nodig gevind word om werknemers te ontslaan

prescribed in sections (I) (i), (II), (III), (IV), (i), (V) (i), (VI) (i), (VII), (VIII), (IX) (i), (XI) (i), (XIII) of Part II of this Agreement, the employees to be dismissed first shall be those earning the lowest wages, provided that no employee shall be dismissed owing to slackness of trade until the hours of work on short time fall below 35 per week over a continuous period of four weeks.

For the purpose of this clause, the following "section" will be recognised: Polishing by hand or machine, furniture machining, furniture making, upholstering, veneering, framemaking, bedding making.

(2) An employee who on any day reports for duty at the usual starting time of the establishment, and for whom no work is available, shall be paid in respect of such day an amount not less than four hours' wages, unless he was notified by his employer previously that his services would not be required on the day in question.

(3) The provision of this clause shall not apply to apprentices.

9. Payment of Wages and Overtime.

(1) Wages and overtime shall be paid in cash weekly between 4.30 p.m. and 5.30 p.m. on the pay day or on termination of employment if this takes place before the ordinary pay day. The pay day of every establishment shall be Friday in each week, except where Friday is a non-working day, when the pay day shall be the last working day preceeding Friday.

(2) Money due to employees in terms of the Agreement shall be handed to employees in sealed envelopes bearing on the outside the name of the employer, the date of payment, the name or under of the employee and the amount of money contained therein and how such amount is arrived at.

(3) No premium for the training of an employee shall be charged or accepted by the employer.

(4) No charge for damage done to material or deduction of any description, other than the following, shall be made from the amount due to an employee:—

(i) Where an employee is absent from work, a pro rata amount for the period of such absence.
(ii) With the written consent of the employee, deductions for sick insurance, trade union subscription, pension, or other similar funds.
(iii) Contributions in terms of clause 17 of Part I of the Agreement.
(iv) Any amount paid by an employer compelled by any law, ordinance or legal process to make payment on behalf of an employee.

10. Overtime.

(1) All time worked in excess of the weekly or daily hours laid down in clause 7 (1) of this part of the Agreement or outside the ordinary working hours as specified in the notice which is required to be displayed in terms of clause 7 (4) of this part of the Agreement shall be regarded as overtime and shall, subject to the provisions of sub-clause (2) be paid as follows for each hour or part of an hour so worked:—

(i) For any time worked after the ordinary finishing time and up to 10 p.m. on any day from Mondays to Fridays or up to 6 p.m. on Saturdays, at the rate of one and a half times the hourly rate of the employee concerned.
(ii) For any time worked between 10 p.m. and the ordinary starting time from Mondays to Fridays, or after 6 p.m. on Saturdays, or any time worked on Sundays at double the hourly rate of the employee concerned; provided that for work performed on Sundays the employee shall be paid at least twice a full day's remuneration. For any time worked on Good Friday, Easter Monday, Day of the Covenant, Christmas Day and New Year's Day, in addition to the day's pay due in respect of each of these days at double the hourly rate of the employee concerned.
(iii) For all hours worked in excess of the daily hours laid down in clause 7 (1) of this part of the Agreement in respect of which no overtime is payable under paragraphs (i) and (ii) of this clause at one and a half times the hourly rate.
(iv) For all hours in excess of 44 per week at one and a half times the hourly rate.

(2) Where overtime calculated on a daily basis differs from that calculated on a weekly basis, the basis more favourable to the employee concerned shall be adopted.

(3) Notwithstanding the provisions of sub-clause (1) of this clause, no overtime may be worked unless the employer concerned has obtained the prior permission of the Council in writing.

In cases of urgency the Secretary of the Council concerned may issue this permission, subject to confirmation by the Council.

11. Employers Receiving Higher Wages Than Those Prescribed.

An employee who is included in one of the classes mentioned in Part II of this Agreement and who at the date of the commencement of this Agreement is receiving a higher wage than the minimum for such class shall, so long as he remains in the service of the same employer and is engaged in the same class of work, receive a wage not lower than the wage he is receiving at such date, subject to the condition that the Council may authorise a reduction of such higher wage to the amount prescribed in this Agreement for such employee.

vir wie lone in artikel (I) (i), (II), (III), (IV) (i), (V) (i), (VI) (i), (VII), (VIII), (IX) (i), (XI) (i), (XIII) van deel II van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, moet dié werknemers wat die laagste lone ontvang, eerste ontslaan word; met dien verstande dat geen werknemer as gevolg van handelslapte ontslaan mag word totdat die werkure op korttyd onder 35 per week oor 'n aaneenlopende tydperk van vier weke daal nie.

Vir die toepassing van hierdie klousule word ondergenoemde „afdelings" erken: Met die hand of masjien poleer, meubelmasjienbewerking, meubelmakery, stoffeer, fineer, rame maak, beddegoed maak.

(2) 'n Werknemer wat hom op enige dag by die gewone begintyd van die inrigting vir diens aanmeld, en vir wie geen werk beskikbaar is nie, moet minstens vier uur se loon ten opsigte van dié dag betaal word, tensy hy voorheen deur sy werknemer in kennis gestel is dat sy dienste nie op die betrokke dag nodig sou wees nie.

(3) Die bepaling van hierdie klousule is nie op vakleerlinge van toepassing nie.

9. Betaling van lone en oortydlone.

(1) Lone en oortydlone moet weekliks tussen 4.30 nm. en 5.45 nm. op die betaaldag of by diensbeëindiging indien dit voor die gewone betaaldag val, in kontant betaal word. Die betaaldag van elke inrigting is Vrydag in elke week, uitgesonderd wanneer Vrydag 'n dag is waarop nie gewerk word nie, wanneer die betaaldag die laaste werkdag voor Vrydag is.

(2) Geld verskuldig aan werknemers ingevolge die Ooreenkoms moet aan werknemers oorhandig word in verseëlde koeverte waarop die naam van die werkgewer, die datum van betaling, die naam of nommer van die werknemer en die bedrag daarin en hoe die bedrag bereken is, verskyn.

(3) Vir die opleiding van 'n werknemer mag die werkgewer geen premie vorder of aanneem nie.

(4) Van die bedrag van 'n werknemer verskuldig, mag geen bedrag, bereken vir skade aan materiaal, of wat ook al, uitgesonderd die volgende, afgetrek word nie:—

(i) Indien 'n werknemer van die werk afwesig is, 'n *pro rata* bedrag vir die duur van sodanige afwesigheid;
(ii) met skriftelike toestemming van die werknemer, bedrae vir siekte-, versekering-, vakvereniginglededegeld, pensioen- of ander soortgelyke fondse;
(iii) bydraes ingevolge artikel 17 van deel I van hierdie Ooreenkoms;
(iv) enige bedrag wat deur 'n werkgewer volgens voorskrif van enige wet, ordonnansie of regsgeding ten behoewe van 'n werknemer betaal moet word.

10. Oortyd.

(1) Alle tyd gewerk bo die weeklikse of daelikse ure bepaal in klousule 7 (1) van hierdie deel van die Ooreenkoms of buite die gewone werkure soos bepaal in die kennisgewing wat ingevolge klousule 7 (4) van hierdie deel van die Ooreenkoms vertoon moet word, moet as oortyd beskou word en moet, onderworpe aan die bepalings van subklousule (2) soos volg betaal word vir elke uur of deel van 'n uur aldus gewerk:—

(i) Vir enige tyd na die gewone ophoutyd en tot 10 nm. op enige dag vanaf Maandag tot Vrydag of tot 6 nm. op Saterdag, gewerk teen die skaal van een en 'n half maal die uurloon van die betrokke werknemer;
(ii) vir enige tyd tussen 10 nm. en die gewone begintyd van Maandag tot Vrydag of na 6 nm. op Saterdag of enige tyd op Sondag gewerk, teen twee maal die uurskaal van die betrokke werknemer; met dien verstande dat vir werk op Sondae verrig, die werknemer minstens twee maal 'n volle dag se loon betaal moet word. Vir tyd gewerk op Goeie-Vrydag, Paasmaandag, Geloftedag, Kersdag en Nuwejaarsdag, benewens die dag se loon verskuldig ten opsigte van elkeen van dié dae, teen dubbel die uurskaal van die betrokke werknemer;
(iii) vir alle ure gewerk bo en behalwe die daelikse ure bepaal in klousule 7 (1) van hierdie deel van die Ooreenkoms ten opsigte waarvan geen oortydbetaling ingevolge paragrawe (i) en (ii) van hierdie klousule betaalbaar is nie, teen anderhalf maal die uurskaal;
(iv) vir alle ure bo en benewens 44 per week, teen een en 'n half maal die uurskaal.

(2) Indien oortyd wat op 'n daelikse basis bereken is, verskil van oortyd wat op 'n weeklikse basis bereken is, moet die basis wat vir die betrokke werknemer die gunstigste is, aangeneem word.

(3) Ondanks die bepalings van subklousule (1) van hierdie klousule, mag geen oortyd gewerk word nie, tensy die betrokke werkgewer eers vooraf die skriftelike toestemming van die Raad verkry het.

In dringende gevalle mag die Sekretaris van die Raad onderworpe aan die Raad se goedkeuring, hierdie toestemming verleen.

11. Werknemers wat hoër lone as die voorgeskrewe lone ontvang.

'n Werknemer wat in een van die klasse genoem in deel II van die Ooreenkoms ingesluit is en wat op die aanvangsdatum van hierdie Ooreenkoms 'n hoër loon as die minimum loon vir sodanige klas ontvang, moet, solank hy in diens by dieselfde werkgewer bly en dieselfde klas werk verrig, 'n loon wat minstens gelyk is aan die loon wat hy op dié datum ontvang, betaal word op voorwaarde dat die Raad 'n vermindering van sodanige hoër loon tot die bedrag in hierdie Ooreenkoms vir 'n werknemer bepaal, kan magtig.

12. Cost of Living Allowance.

(1) In addition to any remuneration payable to employees in terms of this Agreement, every employer shall pay to such employees a cost of living allowance of 76 per cent of the prescribed hourly wage for the period of one year from the date of operation of this Agreement.

(2) Should any employee be placed on short-time on any day, the cost of living allowance for an ordinary working day shall be paid to him irrespective of the number of hours worked by him. Should an employee not work at all on any day, no cost of living allowance shall be paid in respect of that day.

Should an employee be required to work overtime, he shall in addition to the overtime rates prescribed in clause 10 receive a cost of living allowance calculated on the prescribed hourly wage for such time worked.

For the purpose of this clause "prescribed hourly wage" means "prescribed weekly wage" divided by 44.

(3) The allowance payable in terms of this clause shall be paid weekly with wages and overtime as provided in clause 9 (1) of this part of the Agreement.

13. Holidays.

The following conditions shall be observed by all employers and employees for whom wages are prescribed in Part II of this Agreement:—

(1) Good Friday, Easter Monday, Day of Covenant, Christmas Day and New Year's Day shall be paid holidays. Every employee shall receive payment for each of these holidays, notwithstanding that they may fall on a Saturday, at the rate of 8½ times his hourly rate irrespective of the fact whether the factory in which he is employed is working a five or six day week. All employees shall be entitled to leave without pay on May Day.

(2) All factories shall close from the 24th December to the 9th January (both days inclusive).

(3) (i) Every employer shall pay in respect of each week into a Holiday Fund in each district a sum equal to 6¼% (six and a quarter per cent) of the actual remuneration earned by each of his employees during that week, provided that if any employees is placed on short time or absents himself from work on account of illness and can on demand by the employer produce a medical sertificate, the employer shall pay 6¼% (six and a quarter per cent) of the remuneration that the employee would have earned had he remained in full-time employment, provided that the contribution of 6¼% (six and a quarter per cent) in respect of illness need not be paid for any period in excess of thirty days in any one year. When making such payment the employer shall furnish a statement in the form prescribed in Appendix A to this part of this Agreement.

(ii) Amounts payable in terms of paragraph (i) hereof shall be paid not later than the 10th day of each month following that in respect of which they are due, to the Secretary of the Council.

(iii) Amounts payable in terms of paragraph (i) hereof shall be paid by the employer in addition to any wage or overtime pay payable to an employee in terms of this Agreement, and shall not be deducted from the wages or overtime pay of such employee.

(iv) The Council shall keep a record of each employee in respect of whom payments are made in terms of paragraph (i) hereof to the Holiday Fund and the amount paid to the Holiday Fund in respect of him.

(v) The Holiday Fund shall be utilised for the purpose of distribution to employees of a holiday bonus on the following basis and operating over the following periods:—

Between the 8th and 23rd December, each employee shall be paid a holiday bonus equal to the amount paid into the Holiday Fund in terms of paragraph (i) hereof in respect of him during the year ending on the first pay day occurring in November.

(vi) The Council may invest any of the moneys belonging to the Holiday Fund from time to time on fixed deposit or on call with a bank or registered building society and any interest accruing from such investments shall accrue to the general funds of the Council in consideration of the Council's administration of the Fund.

14. Provisions of Tools.

Cabinetmakers' benches, cramps, handscrews, gluepots and all brushes shall be provided by the employer.

The employer shall, at his expense, insure against loss or destruction by fire, the tools of the cabinetmakers in his employ. In this connection each cabinetmaker shall be obliged to submit when required, an inventory of the tools in his possession and shall further submit such information as may be required from time to time by the insurers in respect of the said tools.

12. Lewenskostetoelae.

(1) Benewens enige besoldiging betaalbaar aan werknemers kragtens hierdie Ooreenkoms, moet elke werkgewer aan sodanige werknemers lewenskostetoelae van 76 persent van die voorgeskrewe uurloon betaal vir die tydperk van een jaar na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree.

(2) Indien enige werknemer op korttyd op enige dag geplaas word, moet die lewenskostetoelae vir 'n gewone werkdag aan hom betaal word ongeag die getal ure deur hom gewerk. Indien 'n werknemer glad nie op enige dag werk nie, moet geen lewenskostetoelae ten opsigte van daardie dag aan hom betaal word nie.

Ingeval van 'n werknemer vereis word om oortyd te werk moet hy benewens die oortydskale voorgeskryf in klousule 10 'n lewenskostetoelae betaal word bereken op die voorgeskrewe uurloon vir sodanige tyd gewerk.

Vir die toepassing van hierdie klousule beteken „voorgeskrewe uurloon" die voorgeskrewe weekloon gedeel deur 44.

(3) Die toelae betaalbaar kragtens hierdie klousule moet weekliks met lone en oortyd soos bepaal in klousule 9 (1) van hierdie deel van die ooreenkoms betaal word.

13. Vakansiedae.

Die volgende voorwaardes moet nagekom word deur alle werkgewers en werknemers vir wie lone in deel II van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word:—

(1) Goeie-Vrydag, Paasmaandag, Geloftedag, Kersdag en Nuwejaarsdag is besoldigde vakansiedae. Elke werknemer moet vir elkeen van hierdie vakansiedae, ondanks die feit dat hulle op 'n Saterdag kan val, betaling ontvang teen die skaal van agt en 'n half maal sy uurskaal afgesien van die feit of die fabriek waar hy in diens is, 'n vyf- of sesdaagse week werk. Alle werknemers is op Meidag op verlof sonder besoldiging geregtig.

(2) Alle fabrieke moet van 24 Desember tot 9 Januarie (albei datums inbegrepe) gesluit wees.

(3) (i) Elke werkgewer moet ten opsigte van elke week 'n bedrag gelyk aan 6¼% (ses en een-kwart persent) van die weeklikse loon wat gedurende daardie week deur elkeen van sy werknemers verdien is aan 'n vakansiefonds in elke distrik inbetaal; met dien verstande dat as 'n werknemer op korttydwerk geplaas word of van die werk af wegbly weens siekte en op versoek van die werkgewer in staat is om 'n doktersertifikaat te toon die werkgewer 6¼% (ses en een-kwart persent) van die voorgeskrewe loon wat die werknemer sou verdien het as hy voltyds in diens gebly het, moet betaal; met dien verstande dat bydrae van 6¼% (ses en een-kwart persent) ten opsigte van siekte nie vir enige tydperk van meer as 30 dae in enige afsonderlike jaar hoef betaal te word nie. Wanneer sodanige betaling gedoen word, moet die werkgewer 'n staat verstrek in die vorm van Aanhangsel A van hierdie deel van dié Ooreenkoms.

